

# SOSIOLOGIE & SOSIALE ANTROPOLOGIE

## Wat ons doen en wat jy hiermee kan doen!

http://www0.sun.ac.za/sociology/

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# SOSIOLOGIE EN SOSIALE ANTROPOLOGIE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie is ʼn groot en dinamiese departement wat bestaan uit twee onderskeibare en verbandhoudende dissiplines, naamlik Sosiologie en Sosiale Antropologie. Op voorgraadse vlak bied ons aparte hoofvakke in Sosiologie en Sosiale Antropologie aan en op nagraadse vlak dissipline-gebaseerde sowel as interdissiplinêre programme vanaf Honneurs tot Doktorale studie.

Ons gemeenskaplike fokus is die bestudering van die samelewing en sosiale verhoudings, met inagname van die komplekse omvang daarvan. Breedweg beskou maak elke dissipline gebruik van onderskeibare teoretiese en metodologiese tradisies om navorsing en die ontleding van sosiale kwessies te begrond, sowel as in die opleiding wat dit aan studente bied. Die teenwoordigheid van die twee vakrigtings bied terselfdertyd opwindende geleenthede vir innoverende interdissiplinêre werk.

Ons ligging in die historiese dorp van Stellenbosch, op die grens tussen die stad Kaapstad en die landelike binneland van die Wes-Kaap, bied ons unieke geleenthede vir kwaliteit onderrig en navorsing oor ʼn verskeidenheid kwessies van sosiale belang. Die Departement se spesialisasiegebiede en navorsing sluit die volgende in:

- Sosiale teorie
- Navorsingsmetodologie
- Werk en lewensbestaan
- Feminisme, geslag en seksualiteit
- Regering en burgerskap
- Onderwys
- Geloof
- Identiteit, kultuur en taal
- Gesondheid en ontwikkeling
- Gewapende magte en die samelewing
- Armoede, ongelykheid en ontwikkeling
- Grond, die omgewing en die samelewing
- Maatskaplike sekerheid en sosiale beleid
- Gesinstudies en ouerskap
- Migrasie

Die Departement handhaaf ook ʼn uitstekende reputasie as ʼn sentrum van kundigheid in die onderrig van Sosiale Teorie en Navorsingsmetodologie binne en oor beide dissiplines heen.

## Wat is sosiologie?

Sosiologie omvat die bestudering van die mens se sosiale lewe – die aard van ons verhoudings en interaksies met mekaar en met ons omgewing. Sommige sosioloë fokus op die interaksie tussen mense in die alledaagse lewe; andere bestudeer sosiale verhoudings in instellings soos die gesin of religie of die werksplek, terwyl andere weer fokus op sosiale bewegings, geweld, konflik en gewapende magte, of globale verskynsels soos internasionale arbeidsmarkte of oorlog of die inwerking van die massamedia op die samelewing. Sosioloë werk waarmee die Amerikaanse sosioloog C Wright Mills 'die sosiologiese verbeelding' genoem het. Die dissipline fokus sterk op oplossings vir komplekse vrae deur navorsing, data-analise en kritiese denke op hoë vlak toe te pas. Dit beteken dat gegradueerdes in sosiologie die arbeidsmark met 'n aansienlike voordeel betree omdat die graad 'n verskeidenheid praktiese vaardighede insluit, insluitend die ontwikkeling van kritiese denke en vaardighede om probleme op te los; data-insameling en -analise; interpersoonlike en kruiskulturele vaardighede; kommunikasie vaardighede en navorsingsvaardighede.

*Navorsingsvaardighede*

Sosiologie vra nie net vrae oor die samelewing nie. Dit bied ook opleiding oor hoe sulke vrae beantwoord kan word deur 'n kombinasie van teoretiese denke en toegepaste navorsing. Sosiologiese navorsing neem baie vorme aan, maar behels tipies veldwerk wat die navorser neem na die groep of gemeenskap wat bestudeer word. Metodes wissel vanaf groot opnames van 'n aansienlike getal mense en statistiese ontleding, tot in diepte onderhoude met individue ten einde hul ervarings en persepsies te kan verstaan, tot 'deelnemende waarneming' waar die navorser tyd spandeer met die groep wat bestudeer word, terwyl deelgeneem word aan daaglikse aktiwiteite wat waargeneem word.

*Wat kan mens met sosiologie doen?*

Sosiologie vorm 'n soliede basis in mense, sowel as stelsels, sodat die vaardighede wat studente ontwikkel in 'n wye verskeidenheid loopbane en industrieë gebruik kan word. 'n Voorgraadse sosiale wetenskapstudie met sosiologie bied loopbaangeleenthede, insluitend:

- *Besigheid* (administrasie, advertering, verbruikersbetrekkinge, menslikehulpbronne, versekering, joernalistiek, arbeidsverhoudinge, markanaliste, projekbestuurder, verkope, tegniese skryfwerk)
- *Gemeenskapsake* (nie-winsgewende organisasies in welsyn, gesondheid, behuising, arbeid, omgewing, residensiële beplanning, aktivis vir maatskaplike bystand)
- *Verskillende regeringsektore* op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak (gemeenskapsake, buitelandse diens, menseregte, inligtingsbeamptes, beleidsnavorsing, stedelike en landelike beplanning)
- *Sosiale navorsing* (sosiale ontleder, verbruikersnavorser, demograaf, marknavorser, ondersoeknavorser, stelselontleder)
- *Onderwys* (openbare gesondheidsopvoeding, rekords en registrasie, skoolberading, studente-ontwikkeling, onderwyser)

'n Nagraadse kwalifikasie bekwaam 'n mens vir meer senior posisies in hierdie beroepsvelde. Dit bied ook die moontlikheid vir 'n akademiese loopbaan by universiteite of navorsings-instellings, of in senior akademiese bestuur. Dit is moontlik om hier 'n bydrae te lewer tot die produksie van sosiologiese kennis oor 'n mens se samelewing in alle velde van menslike strewe.

## Wat is Sosiale Antropologie?

Sosiale Antropologie is die bestudering van die mensdom in terme van wie ons is en wat ons sosiale en kulturele bestaan beteken. Die diversiteit by mense, sowel as gemeenskaplike reaksies op die uitdagings van menswees is 'n voortgesette fokus. Sosiale antropologie poog om stereotipes oor ander mense, wie se lewenswyses vreemd vir ons mag voorkom, te oorkom, deur te bestudeer hoe hulle die lewe vanuit hul eie perspektiewe ervaar. As jy gefassineerd is deur verskillende kulture in die verlede en in die hede, en wonder hoe dit verhoudings, werksrolle, geslagsrolle en sosiale instellings beïnvloed, dan bied sosiale antropologie 'n goeie basis. Sosiale antropoloë is geïnteresseerd in mense se gedeelde betekenisse (kultuur), asook die gedrag wat met hierdie betekenispatrone verband hou. Sosiale antropoloë bestudeer ook die organisasie van die sosiale lewe van mense in al die verskillende vorme daarvan, soos in netwerke, gesinne, werk, sowel as organisasies. Deur die bestudering van verskillende kulture word ons toenemend bewus van die kompleksiteit en kreatiwiteit van die menslike lewe.

*Etnografiese navorsing*

Sosiale antropoloë onderneem navorsing in ’n wye verskeidenheid liggings: stede, landelike gebiede, besigheids- en burgerlike samelewing-organisasies, ontwikkelingsprojekte, globale korporatiewe instellings, musiekfeeste, klinieke, sportbyeenkomste, ens. Alhoewel antropoloë ’n verskeidenheid metodes gebruik, maak etnografiese navorsing die kern van die dissipline uit. Tydens veldwerk voer navorsers sistematiese waarnemings oor ’n tydperk uit, ten einde etnografiese tekste te skryf waarin die sosiale antropoloog 'n 'ryk beskrywing' bied van dit wat waargeneem is, en om kwessies in terme van hul relevante kontekste (bv. historiese en politieke ekonomie) te verduidelik.

*Wat kan mens met Sosiale Antropologie doen?*

Menigte studente hoor vir die eerste maal van Sosiale Antropologie by die universiteit en word aangetrek deur die romantiese of eksotiese aanloklikheid van die vak. Ons studente besluit egter dikwels om hul studies in die vak voort te sit weens die waarde wat dit toevoeg tot hul begrip van hul eie kulturele agtergrond en identiteit in ons ingewikkelde sosiale wêreld. Vir menigte studente is die waarde van sosiale antropologie geleë in die breë inleiding tot die sosiale wetenskappe wat dit bied, en in die bruikbaarheid daarvan in kombinasie met die ander humanistiese hoofvakke. Sommiges sit hul studie op nagraadse vlak voort weens hul strewe om 'n beroep in navorsing en onderrig te onderneem, ten einde die vele sosiale en kulturele uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, aan te spreek. Toegepaste navorsing geleenthede is in die openbare sektor, NROs, skenker-organisasies ens. beskikbaar. Gevolglik sluit dit van die volgende loopbaansgeleenthede in:

- *Regsomgewing* (internasionale, immigrasie- en menseregtereg wat baat vind by die begrip van verskillende kulturele kontekste)
- *Besigheid* (diversiteitsbeamptes, media spesialiste wat kennis benodig van verskillende sosio-ekonomiese en kulturele groepe)
- *Onderwys* (vreemde taalonderwysers, wat kennis van vreemde kulture benodig)
- *Regerin*g (spesialiste in openbare gesondheid, buitelandse diensbeamptes, wat die gebruike en norme van hul diensareas moet ken)
- *Nie-winsgewende sektore* (administrateurs in lande waarin hulle werk moet verstaan)
- *Navorsing* (Etnografiese, kwalitatiewe veldnavorsing)

## Ons voorgraadse programme

Die Departement se voorgraadse aanbod behels klaskamergebaseerde onderrig sowel as e-leer en maak gebruik van diensleer en navorsingsprojekte om ons studente uit te neem na plaaslike gemeenskappe en organisasies. Sosiologie- en Sosiale Antropologiemodules word in verskillende kombinasies in die volgende onderrigprogramme aangebied:

- BA program in die Geesteswetenskappe
- BA program in Sosiale Dinamika
- BA program in Besluitneming en Kennisbestuur
- BA program in Ontwikkeling en Omgewing
- BA program in Menslike Hulpbronbestuur
- BA program in Internasionale Studie
- BA program in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie
- B program in Maatskaplike Werk
- BA program in Sosio-informatika
- BA program in Sportwetenskap

*Eerstejaar*

Die eerstejaar verskaf ’n gemeenskaplike basisjaar vir studente van beide Sosiologie en Sosiale Antropologie. Hier word studente bekendgestel aan 1) die verskillende wyses waarvolgens sosioloë en sosiale antropoloë die samelewing en sosiale verhoudings ondersoek, 2) die bestudering van sosiale verandering sowel as bepaalde sosiale instellings (bv. die gesin, onderwys en religie) en 3) sosiologiese en sosiaal-antropologiese perspektiewe op die Suid-Afrikaanse samelewing.

Studente kan vanaf hul tweede jaar beide Sosiologie en Sosiale Antropologie volg in die BA programme in Geesteswetenskappe en Sosiale Dinamika.

*Tweedejaar*

Die tweede studiejaar stel studente bloot aan geselekteerde temas wat belangrik is om eietydse samelewings te verstaan, asook relevant is tot studente se algemene voorgraadse programme. Die temas van armoede, ontwikkeling en werk word ingelei en deurgevoer na die derde studiejaar, naas modules oor kommunikasie en die begrip van ras, en modules met ’n sosiaal antropologiese fokus op verskeie Suid-Afrikaanse studie temas.

*Derdejaar*

In die derde studiejaar is daar afsonderlike strome vir Sosiologie- en Sosiale Antropologiestudente. Elke stroom in derde jaarmodules word sterk gegrond in verpligte modules in sosiale teorie en sosiale navorsingsmetodes. Ander modules dek ’n reeks temas wat op die tweedejaar-aanbod voortbou, insluitende ‘Politieke sosiologie’, die ‘Sosiologie van werk en innovasie’, en ‘Gemeenskapsontwikkeling’ in die Sosiologiestroom; terwyl ‘Kultuur, mag en identiteit’ en die ‘Antropologie van ontwikkeling’ in die Sosiale Antropologiestroom aangebied word.

Die derde studiejaar is ontwerp om studente bloot te stel aan die beoefening van sosiale navorsing deur klein navorsingsprojekte en/of diensleeraktiwiteite by

gemeenskapsorganisasies wat hulle uit die klaskamer neem. Studente word ook aangeraai om die verband te ondersoek tussen sosiale teorie en die toepassing daarvan ten einde te dink oor en 'n begrip te ontwikkel van die wêreld rondom hulle.

## Ons nagraadse programme

Die Departement bied 'n omvangryke reeks nagraadse programme wat voorsiening maak vir studente wat gevorderde studie in die vakrigtings van Sosiologie en Sosiale Antropologie wil onderneem, asook vir studente wat nagraadse kwalifikasies wil verwerf ter ondersteuning van hul professionele ontwikkeling in geselekteerde velde.

Huidige departementele nagraadse programme sluit in die:

- BA Honneurs in Sosiologie of Sosiale Antropologie
- MA program in Sosiologie of Sosiale Antropologie
- MA program in Openbare Sosiologie en Antropologie
- MPhil in Transdissiplinêre Gesondheid- en Ontwikkelingstudie,
- PhD program in Sosiologie of Sosiale Antropologie

Meer inligting oor hierdie programme is verkrygbaar van die Departement.

Ons nagraadse programme is gebou rondom gereelde seminare, in-diepte werkopdragte en een-tot-een navorsingsupervisie. Studente word ook aangemoedig om deel te neem aan die intellektuele lewe van die departement deur byvoorbeeld deelname aan die departementele seminaarprogram. Vele studente is betrokke by departementele navorsingsprogramme.

**Besoek gerus ons webwerf by http://www0.sun.ac.za/sociology/ vir meer inligting, of kontak ons by +27(0)21 808 2420.**

***This document is also available in English.*** ***Hierdie dokument is ook in Engels beskikbaar.***